⁷Die hulpelose man het Hom geantwoord: Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie, en terwyl ek aankom, gaan 'n ander een voor my in.

⁸Yahshua het vir hom gesê: **Staan op, neem jou bed op en loop.**

⁹En onmiddellik was die man genees en het sy bed opgeneem en geloop, en dié dag was 'n Sabbatsdag.

¹⁰Die Jode het toe vir hom wat genees was gesê, Dit is die Sabbatsdag; dit is nie wettig {*Torah laat dit nie toe nie*} om jou bed te dra nie.

¹¹Hy het hulle geantwoord: Hy wie my genees het, dieselfde Een het vir my gesê: Neem op jou bed en loop.

¹²Toe het hulle hom gevra: Wie is die man wat vir jou gesê het: Neem jou bed op en loop?

¹³Maar hy wat gesond geword het, het nie geweet wie dit was nie; want Yahshua het ongemerk weggegaan, omdat daar 'n klomp mense by die plek was.

¹⁴Daarna het Yahshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: **Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.**

¹⁵Die man het gegaan en aan die Jode vertel dat dit Yahshua was wat hom gesond gemaak het.

¹⁶En hieroor het die Jode Yahshua vervolgd en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die Sabbat gedoen het.

¹⁷En Yahshua het hulle geantwoord: **My Vader werk tot nou toe [Hy het nog nooit opgehou werk nie; Hy is steeds besig], en Ek werk ook [goddelike werk].**

Jesus Is Equal with God

¹⁸Therefore the Jews sought the more to kill him, because he not only had broken the sabbath but also called God his own Father, making himself equal with God.

The Authority of the Son

¹⁹Then Jesus answered and said unto them, Verily, verily, I say unto you, The Son can do nothing of himself but what he sees the Father do; for all that he does, this also the Son does together with him.

²⁰For the Father loves the Son and shows him all the things that he does, and he will show him greater works than these that ye may marvel.

²¹For as the Father raises up the dead and gives them life; even so the Son gives life unto whom he will.

²²For the Father judges no man but has committed all judgment unto the Son

²³that everyone should honour the Son, even as they honour the Father. He that does not honour the Son does not honour the Father who has sent him.

²⁴Verily, verily, I say unto you, He that hears my word and believes him that sent me has eternal life and shall not come into judgment but has passed from death unto life.

²⁵Verily, verily, I say unto you, The hour shall come, and now is, when the dead shall hear the voice of the Son of God, and they that hear shall live.

²⁶For as the Father has life in himself, so has he given to the Son to have life in himself

Yahshua is Gelyk met Adonai

¹⁸Hieroor het die Jode toe nog harder probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die Sabbat gebreek [*verswak, skend*] het nie, maar ook Adonai sy eie Vader genoem het en Hom so met God gelyk gestel [*sit Homself op dieselfde vlak*] het.

Die Outoriteit van die Seun

¹⁹Yahshua het toe geantwoord en vir hulle gesê: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen [uit eie beweging] tensy Hy die Vader dit sien doen nie, want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.**

²⁰**Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen, en Hy sal Hom groter werke wys as hierdie, sodat julle verbaas sal staan.**

²¹**Want soos die Vader die dooies opwek en hulle lewe gee; net so gee die Seun lewe aan wie Hy wil.**

²²**Want die Vader oordeel niemand nie, maar het die oordeel geheel en al aan die Seun oorgelaat**

²³**sodat almal die Seun kan eer, net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.**

²⁴**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor [luister na my boodskap] en Hom glo wat My gestuur het, het [beskik nou] die ewige lewe en word nie veroordeel nie [word nie bloodgestel aan die vonnis van die oordeel en kom nie onder veroordeling nie, kom ook nie onder die straf of teregwysing nie], maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.**

²⁵**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die uur sal kom, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en die wat dit hoor, sal lewe.**

²⁶**Want soos die Vader die lewe in Homself het, so het Hy ook die lewe aan die Seun gegee om dit in Homself**

²⁷ and has also given him power and authority to execute judgment because he is the Son of man.

²⁸ Marvel not at this, for an hour shall come when all that are in the graves shall hear his voice,

²⁹ and those that have done good shall come forth unto the resurrection of life; but those that have done evil, unto the resurrection of judgment.

Witnesses to Jesus

³⁰ I can of my own self do nothing; as I hear, I judge, and my judgment is just because I seek not my own will, but the will of the Father who has sent me.

³¹ If I bear witness of myself, my witness is not true.

³² There is another that bears witness of me, and I know that the witness which he witnesses of me is true.

³³ Ye sent unto John, and he bore witness unto the truth.

³⁴ But I receive not testimony from man, but I say these things that ye might be saved.

³⁵ He was a burning and a shining light, and ye were willing to rejoice for one hour in his light.

³⁶ But I have greater testimony than that of John; for the works which the Father

te hê

²⁷ en Hy het Hom ook mag en outoriteit gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.

²⁸ Moenie julle hieroor verwonder nie, want 'n uur sal kom wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor,

²⁹ en dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe [*nuwe lewe*]; maar dié wat bose werke gedoen het, sal opstaan en veroordeel word [*sal opstaan om hulle vonnis aan te hoor*]. [Dan 12:2]

Getuienis oor Yahshua

³⁰ Ek kan uit Myself niks doen nie [*onafhanklik, uit my eie beweging – maar slegs soos ek deur Adonai geleer is en soos ek Sy instruksies ontvang*]. Soos Ek hoor, oordeel Ek [*ek besluit soos ek beveel word om te besluit. Soos die stem na my toe kom, so gee ek 'n besluit*]; en my oordeel is regverdig [*reg*], omdat Ek nie My wil soek nie [*Ek het geen begeerte om te doen wat myself behaag nie, my eie doelstellings en eie begeertes*], maar die wil van die Vader wie My gestuur het.

³¹ As Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie waar [*geldig*] nie.

³² Daar is 'n ander Een wie van My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig, waar is.

³³ Julle het na Johannes gestuur [*'n afvaardiging*], en hy het die waarheid getuig.

³⁴ Maar Ek ontvang nie getuienis van 'n mens nie [*die bewyse wat ek namens My aanvaar, is nie van 'n mens af nie*]; maar Ek sê hierdie dinge sodat julle gered kan word [*veilig gehou word*].

³⁵ Hy was 'n brandende lamp wat geskyn het [*om die weg aan te wys*], en julle was gewillig om vir een uur in sy lig te verheug.

³⁶ Maar Ek het 'n groter getuienis as dié van Johannes [*swaarder, hoër en*

has given me to finish, the same works that I do, bear witness of me that the Father has sent me.

³⁷ And the Father himself, who has sent me, has borne witness of me. Ye have neither heard his voice at any time nor seen his appearance.

³⁸ And ye do not have his word abiding in you; for whom he has sent, him ye do not believe.

³⁹ Search the scriptures, for in them ye think ye have eternal life; and they are those who testify of me.

⁴⁰ And ye will not come to me, that ye might have life.

⁴¹ I do not receive glory from men.

⁴² But I know you that ye have not the love of God in you.

⁴³ I have come in my Father's name, and ye receive me not; if another shall come in his own name, him ye will receive.

⁴⁴ How can ye believe, who take glory one from another, and seek not the glory that comes only from God?

⁴⁵ Do not think that I will accuse you to the Father; there is one that accuses you, even Moses, in whom ye trust.

⁴⁶ For had ye believed Moses, ye would

beter], want die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, dieselfde werke wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.

³⁷ En die Vader wat My gestuur het, het self van My getuig. Julle het nog nooit Sy stem gehoor of Sy gedaante gesien nie [*Sy gesig – hoe Hy lyk nie*]. [Julle was nog altyd doof vir Sy stem en blind vir die visie van Hom]

³⁸ En Sy woord [*Sy gedagtes*] lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie. [Dit is hoekom julle nie Sy boodskap binne in julle hou nie, omdat julle nie in die BoodsAPPER wat Hy gestuur het glo nie.]

³⁹ Ondersoek die Skrifte, want in dit dink julle dat julle die ewige lewe het; en dit is hulle [*hierdie Skrifte*] wat van My getuig.

⁴⁰ En julle wil nie na My toe kom nie [*weier steeds*] sodat julle die lewe kan kry nie.

⁴¹ Ek ontvang nie enige eer van mense af nie [*Ek smag na geen menslike eer en kyk na geen sterflike roem nie*].

⁴² Maar Ek ken julle, en weet dat julle nie die liefde van Adonai in julle het nie.

⁴³ Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle het My nie aangeneem nie [*julle harte is nie oop vir My nie, julle verwelkom my glad nie*]; as 'n ander een in sy eie naam kom [*eie krag in geen ander outoriteit as homself*], hóm sal julle aanneem [*gee julle goedkeuring*].

⁴⁴ Hoe kan julle glo [*hoe kan julle leer om te glo*] wat [*tevrede is om te soek en te ontvang*] van mekaar eer aanneem, maar nie die eer wat slegs van Adonai afkom, soek nie?

⁴⁵ Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig [*soos sommige van julle dink*] nie; daar is een wat julle beskuldig, dit is Moses op wie julle vertrou het.

⁴⁶ Maar as julle maar Moses geglo het,

have believed me, for he wrote of me.

⁴⁷ But if ye do not believe his writings, how shall ye believe my words?

Jesus Feeds the Five Thousand

6 After these things Jesus went over the sea of Galilee, which is the sea of Tiberias.

² And a great multitude followed him because they saw his signs which he did on the sick.

³ And Jesus went up into a mountain, and he sat there with his disciples.

⁴ And the passover, the feast of the Jews, was near.

⁵ Then Jesus lifted up his eyes and saw a great company come unto him; he said unto Philip, From where shall we buy bread that these may eat?

⁶ But he said this to prove him, for he knew what he would do.

⁷ Philip answered him, Two hundred denarius of bread is not sufficient for them, that each one of them may take a little.

⁸ One of his disciples, Andrew, Simon Peter's brother, said unto him,

⁹ There is a lad here, who has five barley loaves and two small fishes, but what are they among so many?

¹⁰ Then Jesus said, Make the men sit down. Now there was much grass in the place. So the men sat down, in number about five thousand.

¹¹ And Jesus took the loaves, and when he had given thanks, he distributed to the disciples and the disciples to those that were sitting down; and likewise of the fishes as much as they desired.

sou julle ook My glo, want hy het van My geskrywe.

⁴⁷ En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle My woorde glo?

Yahshua Voed die Vyf Duisend

6 Na al hierdie dinge het Yahshua na die oorkant van die see van Galilea, dit is, die see van Tiberias, gegaan.

² En 'n groot menigte het Hom gevolg, omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy [voortdurend] vir die siekes gedoen het.

³ En Yahshua het op die berg geklim en met Sy dissipels daar gaan sit.

⁴ En die pasga, die fees van die Jode, was naby.

⁵ Toe Yahshua opkyk, het Hy 'n groot menigte na Hom toe sien kom; Hy het Hy vir Filippus gevra, **Waar kan ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?**

⁶ Maar Hy het dit gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self geweet wat Hy wou doen.

⁷ Filippus het Hom geantwoord: Brood vir twee honderd denarii [vyf honderd rand] {halwe jaar se salaris} sal nie genoeg wees sodat elkeen van hulle 'n stukkie kan kry nie.

⁸ Een van Sy dissipels, Andreas, Simon Petrus se broer, het vir Hom gesê,

⁹ Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense?

¹⁰ En Yahshua het gesê, **Laat die mense gaan sit.** En daar was baie gras op dié plek. Die manne het toe gaan sit, omtrent vyf duisend in getal.

¹¹ En Yahshua het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit uit aan die dissipels gegee en die dissipels aan die wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê.

¹² When they were filled, he said unto his disciples, Gather up the fragments that remain that nothing be lost.

¹³ Therefore they gathered them together and filled twelve baskets with the fragments of the five barley loaves which were left over from those that had eaten.

¹⁴ Then those men, as they had seen the sign that Jesus did, said, This is of a truth the prophet that was to come into the world.

¹⁵ Jesus therefore knowing that they would come and take him by force to make him king, he departed again into a mountain himself alone.

Jesus Walks on Water

¹⁶ And when evening was come, his disciples went down unto the sea

¹⁷ and entered into a ship and were crossing the sea toward Capernaum. And it was now dark, and Jesus had not come to them.

¹⁸ And the sea arose by reason of a great wind that blew.

¹⁹ So when they had rowed about twenty-five or thirty furlongs, they saw Jesus walking upon the sea and drawing nigh unto the ship, and they were afraid.

²⁰ But he said unto them, I AM; be not afraid.

²¹ Then they willingly received him into the ship, and immediately the ship was at the land where they went.

I Am the Bread of Life

²² The day following when the multitude which was on the other side of the sea saw that there was no other boat there except the one in which his disciples had entered and that Jesus had not gone

¹² En nadat hulle versadig was, het Hy vir Sy dissipels gesê: **Maak die afvalstukkies bymekaar wat oorgebly het, sodat niks verlore gaan nie.**

¹³ Hulle het toe bymekaar gemaak en het twaalf mandjies gevul met afvalstukkies van die vyf garsbrode wat oorgebly het van dié wat geëet het.

¹⁴ Toe die mense die teken sien wat Yahshua gedoen het, het hulle gesê, Dit is waarlik die profeet wat na die wêreld moes kom. [Deut 18:15, 18; Joh 1:21; Hand 3:22]

¹⁵ Yahshua merk toe dat hulle wou kom en Hom met geweld neem om Hom koning te maak, en Hy het weer alleen weggegaan na die berg.

Yahshua Loop op die Water

¹⁶ En toe dit aand geword het, het Sy dissipels afgegaan na die see toe

¹⁷ en nadat hulle in die boot geklim het, het hulle die see oorgesteek na Kapernaum. En dit was al donker, en Yahshua het nog nie by hulle aangesluit nie.

¹⁸ En die see was onstuimig, omdat 'n sterk wind gewaai het.

¹⁹ En toe hulle omtrent vyf of ses kilometer geroei het, het hulle Yahshua op die see sien loop en Hy het naby die boot gekom, en hulle het bang geword.

²⁰ Maar Hy het vir hulle gesê: **Dit is Ek, moenie bang wees nie.** [Eks 3:14]

²¹ Toe was hulle gewillig om Hom in die skuit te neem, en onmiddelik was die boot by die land waarheen hulle oppad was [Onmiddelik het hulle die kus bereik waarheen hulle stadig oppad was].

Ek Is die Brood van die Lewe

²² Die volgende dag het die skare wat oorkant die see gestaan het [steeds daar gestaan en agtergebly het], gesien dat daar geen ander skuit was nie, behalwe daardie een waarin Sy

with his disciples into the boat, but that his disciples had gone away alone

²³ (but other boats came from Tiberias near unto the place where they ate bread after the Lord had given thanks);

²⁴ when the people therefore saw that Jesus was not there, nor his disciples, they also entered into the boats and came to Capernaum, seeking for Jesus.

²⁵ And when they had found him on the other side of the sea, they said unto him, Rabbi, when didst thou come here?

²⁶ Jesus answered them and said, Verily, verily, I say unto you, Ye seek me, not because ye have seen the signs, but because ye ate of the loaves and were filled.

²⁷ Labour not for the food which perishes, but for the food which abides unto eternal life, which the Son of man shall give unto you, for him has God the Father sealed.

²⁸ Then they said unto him, What shall we do that we might work the works of God?

²⁹ Jesus answered and said unto them, This is the work of God, that ye believe in him whom he has sent.

³⁰ They said therefore unto him, What sign showest thou then that we may see and believe thee? what dost thou work?

³¹ Our fathers ate manna in the desert, as it is written, He gave them of the bread from the heaven to eat.

³² Then Jesus said unto them, Verily, verily, I say unto you, Moses gave you

dissipels gegaan het en dat Yahshua nie saam met Sy dissipels in die boot gegaan het nie, maar dat Sy dissipels alleen weggevaar het

²³ (maar ander skepe het van Tiberias aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het, nadat die Here gedank het);

²⁴ toe die mense sien dat Yahshua nie daar was nie en Sy dissipels ook nie, het hulle ook in die skepe geklim en na Kapernaum gegaan om Yahshua te soek.

²⁵ En toe hulle Hom aan die oorkant van die see vind, het hulle vir Hom gesê: Rabbi, wanneer het U hier gekom?

²⁶ Yahshua het geantwoord en vir hulle gesê: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.**

²⁷ **Moenie werk vir voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat bly tot die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee, want Hom het Adonai, die Vader, verseël.**

²⁸ Toe het hulle Hom gevra: Wat moet ons doen om die werke van Adonai te volbring [*Wat moet ons doen om uit te voer wat Adonai vra*]?

²⁹ Yahshua het geantwoord en vir hulle gesê: **Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het** [*dat julle Hom sal aankleef, vertrou, op Hom staatmaak en geloof het in Sy BoodsAPPER*].

³⁰ En hulle het vir Hom gesê: Watter [*bo-natuurlike*] teken sal U dan doen, sodat ons kan sien en U glo? wat gaan U doen?

³¹ Ons vaders het manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is, Hy het hulle brood uit die hemel gegee om te eet. [Eks 16:15; Neh 9:15; Ps 78:24]

³² Toe het Yahshua vir hulle gesê, **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit**

not that bread from the heaven, but my Father gives you the true bread from the heaven.

³³ For the bread of God is he who descended from heaven and gives life unto the world.

³⁴ Then said they unto him, Lord, always give us this bread.

³⁵ And Jesus said unto them, I AM the bread of life; he that comes to me shall never hunger, and he that believes in me shall never thirst.

³⁶ But I said unto you, That even though ye have seen me, ye do not believe.

³⁷ All that the Father gives me shall come to me, and he that comes to me I will in no wise cast out.

³⁸ For I came down from the heaven, not to do my own will, but the will of him that sent me.

³⁹ And this is the Father's will who has sent me, that of all whom he has given me I should lose nothing but should raise it up again in the last day.

⁴⁰ And this is the will of him that sent me, That every one who sees the Son and believes in him may have eternal life, and I will raise him up in the last day.

⁴¹ The Jews then murmured of him because he said, I AM the bread which descended from the heaven.

⁴² And they said, Is not this Jesus, the son of Joseph, whose father and mother we know? How is it then that he says, I descended from heaven?

⁴³ Jesus therefore answered and said unto them, Murmur not among

is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.

³³ **Want die brood van Adonai is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.**

³⁴ Toe het hulle vir Hom gesê: YHWH, gee ons altyd hierdie brood [*die hele tyd*].

³⁵ En Yahshua het vir hulle gesê: **Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie** [*enige tyd*].

³⁶ **Maar Ek het vir julle gesê, dat selfs wanneer julle My gesien het, julle steeds nie glo nie.**

³⁷ **Alles wat die Vader My gee, sal na My toe kom, en hy wat na my toe kom, sal Ek nooit verwerp nie** [*Ek sal nooit, nee nooit nie, een van dié wat na my toe kom verwerp nie*].

³⁸ **Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.**

³⁹ **En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat almal wat Hy aan My gegee het, Ek nie een sal verloor nie, maar sal hulle in die laaste dag weer opwek.**

⁴⁰ **En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe mag hê, en Ek sal hom in die laaste dag opwek** [*uit die dood*].

⁴¹ Toe murmureer die Jode oor Hom, omdat Hy gesê het: Ek [*myself*] is die brood wat uit die hemel neergedaal het.

⁴² En hulle het gesê: Is Hy nie Yahshua, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?

⁴³ En Yahshua het geantwoord en vir hulle gesê: **Moenie onder mekaar**

yourselves.

⁴⁴ No one can come to me unless the Father who has sent me draws him, and I will raise him up in the last day.

⁴⁵ It is written in the prophets, And they shall all be taught of God. Every man therefore that has heard from the Father and has learned comes unto me.

⁴⁶ Not that anyone has seen the Father, except he who is of God, he has seen the Father.

⁴⁷ Verily, verily, I say unto you, He that believes in me has eternal life.

⁴⁸ I AM the bread of life.

⁴⁹ Your fathers ate manna in the wilderness and are dead.

⁵⁰ This is the bread which comes down from heaven, that anyone may eat of it and not die.

⁵¹ I AM the living bread which came down from heaven; if anyone eats of this bread, they shall live for ever; and the bread that I will give is my flesh, which I will give for the life of the world.

⁵² The Jews therefore contended among themselves, saying, How is he able to give us his flesh to eat?

⁵³ Then Jesus said unto them, Verily, I say unto you, Unless ye eat the flesh of the Son of man and drink his blood, ye shall have no life in you.

⁵⁴ Whosoever eats my flesh and drinks my blood has eternal life, and I will raise him up at the last day.

⁵⁵ For my flesh is food indeed, and my blood is drink indeed.

murmureer nie.

⁴⁴ Niemand kan na My toe kom tensy die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom in die laaste dag [uit die dood] opwek.

⁴⁵ Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur Adonai geleer word [het Hom in persoon vir hule onderwyser]. Elkeen wat dit dan van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe. [Jes 54:13]

⁴⁶ Nie dat iemand die Vader gesien het nie, behalwe Hy wat van Adonai kom [Hy wat by die Vader was]: Hy het die Vader gesien.

⁴⁷ Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo [hom aanhang, vertrou, op Hom staatgemaak en wat geloof in My het], besit nou die ewige lewe.

⁴⁸ EK IS die brood van die lewe [wat lewe gee – die Lewende Brood].

⁴⁹ Julle voorouers het die manna in die woestyn geëet en het gesterf.

⁵⁰ Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal, sodat enige iemand daarvan kan eet en nie sterf nie.

⁵¹ Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het; as enige iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig lewe; en die brood wat Ek sal gee, is my vlees [liggaam] wat Ek sal gee vir vir die lewe van die wêreld.

⁵² Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons Sy vlees gee om te eet?

⁵³ En Yahshua het vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie [tensy jy sy lewe en die redding van die meriete van sy bloed eien], het julle geen lewe in julleself nie.

⁵⁴ Hy wat My vlees eet en My bloed drink, besit nou die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag opwek.

⁵⁵ Want My vlees is ware voedsel, en My bloed is die ware drank.

⁵⁶ He that eats my flesh and drinks my blood abides in me, and I in him.

⁵⁷ As the living Father has sent me, and I live by the Father, so he that eats me, he shall also live by me.

⁵⁸ This is the bread which came down from heaven; not as your fathers ate manna and are dead; he that eats of this bread shall live eternally.

⁵⁹ He said these things in the synagogue as he taught in Capernaum.

The Words of Eternal Life

⁶⁰ Many therefore of his disciples when they had heard this said, This is a hard word; who can hear it?

⁶¹ But Jesus, knowing in himself that his disciples murmured at it, said unto them, Does this offend you?

⁶² What if ye shall see the Son of man ascend up where he was before?

⁶³ The Spirit is he that gives life; the flesh profits nothing; the words that I have spoken unto you, they are Spirit and they are life.

⁶⁴ But there are some of you that do not believe. For Jesus knew from the beginning who they were that did not believe and who should betray him.

⁶⁵ And he said, Therefore I said unto you that no one can come unto me unless it is given unto them of my Father.

⁶⁶ After this, many of his disciples went back and walked no more with him.

⁵⁶ Hy wat My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek [net so voortdurend] in hom.

⁵⁷ Net soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet [wie ookal my neem as voedsel en deur my onderhoud word], ook deur My lewe.

⁵⁸ Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het; nie soos julle voorouers die manna geëet en gesterf het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.

⁵⁹ Hierdie dinge het Hy gesê in die sinagoge toe Hy in Kapernaum onderrig gegee het.

Die Woord oor Ewige Lewe

⁶⁰ En baie van Sy dissipels toe hulle dit hoor, gesê: Hierdie is 'n harde woord [’n belediging en ondraaglike boodskap]; wie kan daarna luister [gehoor gee]?

⁶¹ En Yahshua het in Homself geweet dat Sy dissipels hieroor murmureer, en Hy het vir hulle gesê: Is dit ’n belediging vir julle [onsteld, mismoedig, skok en gee aanstoot tot julle]?

⁶² Wat dan [sal julle reaksie wees] as julle die Seun van die mens sien opvaar waar Hy vantevore was?

⁶³ Die Gees is die een wat lewe gee [Hy is die lewe-gewer]; die vlees is van geen nut nie [het geen aanwinst nie]; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

⁶⁴ Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Yahshua het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie, en wie Hom sou verraa.

⁶⁵ En Hy het gesê: Daarom sê Ek vir julle dat niemand na My toe kan kom tensy dit aan hulle deur my Vader gegee is nie.

⁶⁶ Hierna, het baie van Sy dissipels teruggegaan [teruggedraai na hulle ou genootskappe] en nie meer saam met Hom gewandel nie.

⁶⁷ Then Jesus said unto the twelve, Will ye also go away?

⁶⁸ Then Simon Peter answered him, Lord, to whom shall we go? thou hast the words of eternal life.

⁶⁹ And we believe and know that thou art the Christ, the Son of the living God.

⁷⁰ Jesus answered them, Have not I chosen you twelve, and one of you is a devil?

⁷¹ He spoke of Judas Iscariot the son of Simon, for it was he that should betray him, being one of the twelve.

Jesus at the Feast of Booths

7 After these things Jesus walked in Galilee, for he would not walk in Judea because the Jews sought to kill him.

² Now the feast of the Jews, of the tabernacles, was at hand.

³ His brethren therefore said unto him, Depart from this place and go into Judea that thy disciples also may see the works that thou doest.

⁴ For no one who seeks to be clearly known does anything in secret. If thou doest these things, show thyself to the world.

⁵ For not even his brethren believed in him.

⁶ Then Jesus said unto them, My time is not yet come, but your time is always ready.

⁷ The world cannot hate you, but it hates me because I testify of it that its works are evil.

⁸ Go ye up unto this feast; I go not up yet unto this feast, for my time is not yet

⁶⁷ Toe het Yahshua vir die twaalf gesê: **Wil julle ook weggaan** [*begeer julle ook om my te verlaat*]?

⁶⁸ Toe antwoord Simon Petrus Hom, YHWH, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde [*boodskap*] van die ewige lewe.

⁶⁹ En ons glo en erken dat U die Christus [*die Gesalfde Een*] is, die Seun van die lewende Adonai.

⁷⁰ Yahshua het hulle geantwoord: **Het Ek nie julle twaalf gekies nie? En een van julle is 'n duiwel** [*van die bose een en 'n valse aanklaer*]?

⁷¹ Hy het van Judas Iskariot, die seun van Simon gepraat, want dit was hy wat Hom sou verraaï het, hy wat een van die twaalf was.

Yahshua by die Huttefees

7 En daarna het Yahshua in Galilea rondgegaan, want Hy wou nie in Judea wees nie, omdat die Jode probeer het om Hom dood te maak.

² En die fees van die Jode, die huttefees, was naby.

³ Sy broers het toe vir Hom gesê: Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat U dissipels ook daar die werke kan sien wat U doen.

⁴ Want niemand wat oral bekend wil wees, doen iets in die geheim nie. As U hierdie dinge doen, maak Uselof openlik aan die wêreld bekend.

⁵ Want Sy broers het ook nie in Hom geglo nie.

⁶ Toe het Yahshua vir hulle gesê: **My tyd het nog nie gekom nie, maar vir julle is enige tyd reg.**

⁷ **Die wêreld kan julle nie haat nie; maar dit haat My, omdat Ek getuig dat sy dade boos is.**

⁸ **Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nog nie op na hierdie fees nie,**

fulfilled.

⁹ And having said these things unto them, he abode still in Galilee.

¹⁰ But when his brethren were gone up, then he also went up unto the feast, not openly, but as it were in secret.

¹¹ Then the Jews sought him at the feast and said, Where is he?

¹² And there was much murmuring among the people concerning him, for some said, He is a good man; others said, No, but he deceives the people.

¹³ But no one spoke openly of him for fear of the Jews.

¹⁴ Now about the midst of the feast Jesus went up into the temple and taught.

¹⁵ And the Jews marvelled, saying, How does this man know letters, having never learned?

¹⁶ Jesus answered them and said, My doctrine is not mine, but his that sent me.

¹⁷ If anyone desires to do his will, he shall know of the doctrine, whether it is of God or whether I speak of myself.

¹⁸ He that speaks of himself seeks his own glory, but he that seeks the glory of him that sent him, the same is true, and no unrighteousness is in him.

omdat my tyd nog nie vervul is nie [*My termyn is nog nie voltooi nie; dit is nog nie tyd vir my om te gaan nie*].

⁹ En nadat Hy dit aan hulle gesê het, het Hy in Galilea gebly.

¹⁰ Maar nadat Sy broers opgegaan het, het Hy toe ook opgegaan na die fees toe, nie openlik nie [*nie met 'n reiswa kamele*], maar in die geheim [*deur homself in stilte om nie gesien te word nie*].

¹¹ En die Jode het Hom op die fees gesoek en gesê: Waar is Hy?

¹² En daar was baie oor Hom gemompel onder die skare. Sommige het gesê: Hy is 'n goeie mens; ander het weer gesê: Nee, maar Hy mislei [*gee hulle false idees*] die mense.

¹³ Maar niemand het openlik oor Hom gepraat nie, uit vrees vir die [*leiers van die*] Jode.

¹⁴ En toe dit al in die middel van die fees was, het Yahshua opgegaan na die tempel en onderrig gegee.

¹⁵ En die Jode het hulle verwonder en gesê: Waar kom Hy aan die geleerdheid [*is so verroud met die heiligie Geskrifte en in die teologie*], Hy het dan geen opleiding gehad nie?

¹⁶ Yahshua het hulle geantwoord: **My doktriene (leerstellings) is nie myne nie, maar is van Hom wat My gestuur het.**

¹⁷ **As enige iemand begeer om Sy wil** [*Adonai se wens en begeerte*] **te doen, sal hy aangaande die leer weet** [*het die nodige inligting om te erken en vir homself te bevestig*] **of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek** [*uit eie outoriteit*].

¹⁸ **Hy wat uit homself [eie outoriteit] praat, soek sy eie eer** [*Hy wie se leerings uit homself voorspruit soek sy eie eer*]; **maar Hy wat die eer soek van dié Een wat Hom gestuur het, dieselfde is waar, en daar is geen ongeregtigheid** [*valsheid of misleiding*] **in Hom nie.**

¹⁹ Did not Moses give you the law, and yet none of you keeps the law? Why do ye go about to kill me?

²⁰ The people answered and said, Thou hast a demon; who goes about to kill thee?

²¹ Jesus answered and said unto them, I have done one work, and ye all marvel.

²² Moses therefore gave unto you circumcision (not because it is of Moses, but of the fathers), and ye on the sabbath day circumcise a man.

²³ If a man on the sabbath day receives circumcision without the law of Moses being broken, are ye angry at me because I have made a man entirely whole on the sabbath day?

²⁴ Judge not according to the appearance, but judge with righteous judgment.

Can This Be the Christ?

²⁵ Then one of those of Jerusalem said, Is not this he whom they seek to kill?

²⁶ But, behold, he speaks boldly, and they say nothing unto him. Have the rulers truly understood that this is indeed the Christ?

²⁷ But we know where this man is from; but when the Christ comes, no one shall know where he is from.

²⁸ Then Jesus cried out in the temple as he taught, saying, Ye know me, and ye know from where I come, but I have not come of myself, but he that sent me is true, whom ye know not.

²⁹ But I know him, for I am from him,

¹⁹ **Het Moses julle nie die wet {Torah} gegee nie? En niemand van julle hou die wet nie.** [As dit die waarheid is] **Waarom is julle uit om My dood te maak [deur dit nie te onderhou nie]?**

²⁰ Die mense het geantwoord en gesê: Jy het 'n demoon; wie wil jou doodmaak?

²¹ Yahshua het geantwoord en vir hulle gesê: **Ek het een daad gedoen, en julle almal was verwonderd.** [Joh 5:1 9]

²² **Moses het aan julle die besnydenis gegee** (nie dat dit van Moses is nie, maar van die aartsvaders), **en julle besny 'n mens ook op die Sabbat.**

²³ **As 'n mens op die Sabbatsdag die besnydenis ontvang, sodat die wet van Moses nie verbreek mag word nie, is julle dan kwaad vir [verontwaardig met, bitter teenoor] My, omdat Ek 'n mens op die Sabbat heeltemal gesond gemaak het?**

²⁴ **Moenie [oppervlakkig] oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel.**

Kan hierdie die Christus wees?

²⁵ Toe het een van die inwoners van Jerusalem gesê, Is dit nie Hy wat hulle soek om dood te maak nie?

²⁶ En kyk, Hy praat openlik en hulle sê vir Hom niks nie. Het die lede van die Joodse Raad miskien werklik tot die ooruiging gekom dat Hy werklik die Christus is?

²⁷ Maar ons weet van waar af hierdie man kom; maar wanneer die Christus kom, sal niemand weet van waar Hy is nie.

²⁸ Yahshua het toe uitgeroep, terwyl Hy in die tempel onderrig het, en gesê: **Julle ken My en julle weet ook van waar Ek is; maar tog het Ek nie uit Myself gekom nie; maar Hy wie My gestuur het is waar [werklik, opreg en standvastig], vir wie julle nie ken nie.**

²⁹ **Maar Ek ken Hom, want Ek kom van**

and he has sent me.

³⁰ Then they sought to take him, but no one laid hands on him because his hour was not yet come.

³¹ And many of the people believed in him and said, When the Christ comes, will he do more signs than these which this man has done?

Officers Sent to Arrest Jesus

³² The Pharisees heard the people that murmured such things concerning him, and the princes of the priests and the Pharisees sent officers to take him.

³³ Then Jesus said unto them, Yet a little while I shall be with you, and then I shall go unto him that sent me.

³⁴ Ye shall seek me and shall not find me, and where I shall be, ye shall not be able to come.

³⁵ Then the Jews said among themselves, Where will he go that we shall not find him? Will he go unto the dispersed among the Greeks and teach the Greeks?

³⁶ What manner of saying is this that he said, Ye shall seek me and shall not find me, and where I shall be ye shall not be able to come?

Rivers of Living Water

³⁷ In the last day, that great day of the feast, Jesus stood and cried out, saying, If any man thirsts, let him come unto me and drink.

³⁸ He that believes in me, as the scripture has said, out of his belly shall flow rivers of living water.

³⁹ (But this he spoke concerning the

Hom af en Hy het My [persoonlik] gestuur.

³⁰ Toe het hulle probeer om Hom gevange te neem, maar niemand het die hand aan Hom geslaan nie, omdat Sy uur [tyd] nog nie gekom het nie.

³¹ En baie van die mense het in Hom geglo [hom aangehang, vertrou en op Hom staategemaak] en gesê: Wanneer die Christus kom, sal Hy dan [daar verwag word dat hy] meer tekens doen as wat hierdie man reeds gedoen het?

Soldate word gestuur om Yahshua te arresteer

³² Die Fariseërs het gehoor wat die mense van Hom mompel, en die priesterhoofde en die Fariseërs het soldate gestuur om Hom gevange te neem.

³³ Toe het Yahshua vir hulle gesê: Nog 'n klein rukkie is Ek by julle, en dan sal Ek terug gaan na Hom wat My gestuur het.

³⁴ Julle sal My soek en nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie.

³⁵ Toe het die Jode onder mekaar gesê, Waar wil Hy gaan dat ons Hom nie sal vind nie? Sal Hy tog nie na die verspreide [uiteengejaagde] Jode onder Grieke gaan en die Grieke {grieksprekende Jode} gaan leer nie?

³⁶ Wat beteken dit wat Hy gesê het: Julle sal My soek en nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie?

Strome Lewende Water

³⁷ Op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Yahshua gestaan en uitgeroep en gesê: **As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!**

³⁸ **Hy wat in My glo [wat aan my kleef, vertrou en staategemaak op my], soos die Skrif sê: [aanhoudende] strome van lewende water sal uit sy binneste [innerlike wese] vloei.**

³⁹ (Maar dit het Hy gesê met

Spirit, which those that believe on him should receive, for the Holy Spirit was not yet given because Jesus was not yet glorified.)

Division Among the People

⁴⁰ Then many of the people, when they heard this word, said, Truly this is the Prophet.

⁴¹ Others said, This is the Christ. But some said, Shall the Christ come out of Galilee?

⁴² Has not the scripture said, That the Christ comes of the seed of David and out of the town of Bethlehem where David was?

⁴³ So there was a division among the people because of him.

⁴⁴ And some of them would have taken him, but no one laid hands on him.

⁴⁵ Then the officers to the chief priests and Pharisees came, and they said unto them, Why have ye not brought him?

⁴⁶ The officers answered, Never has anyone spoken like this man.

⁴⁷ Then the Pharisees answered them, Are ye also deceived?

⁴⁸ Have any of the princes or of the Pharisees believed on him?

⁴⁹ But this people who do not know the law are cursed.

⁵⁰ Nicodemus said unto them (he that came to Jesus by night, being one of them),

⁵¹ Does our law judge any man before it

betrekking tot die Gees, dié wat in Hom glo dit sou ontvang, want die Heilige Gees was nog nie gegee (uitgestort), omdat Yahshua nog nie verheerlik [*opgewek om geeer te word*] was nie.)

Verdeeldheid on die Mense

⁴⁰ Toe het baie mense, toe hulle die woord hoor, gesê: Hy is waarlik die profeet. [Deut 18:15, 18; Joh 1:21; 6:14; Hand 3:22]

⁴¹ Ander het gesê: Dit is die Christus [*die Messias, die Geslafd Een*]. Maar ander het gesê: Kom die Christus dan uit Galilea?

⁴² Het die Skrif nie gesê dat die Christus uit die geslag van Dawid kom en uit Betlehem, die dorp waar Dawid was nie? [Ps 89:3, 4; Mig 5:2]

⁴³ Daar het toe verdeeldheid onder die mense oor Hom gekom.

⁴⁴ En sommige van hulle wou Hom gevange neem, maar niemand het 'n hand aan Hom geslaan nie.

⁴⁵ Die soldate het toe by die priesterhoofde en die Fariseërs gekom, en dié het vir hulle gesê: Waarom het julle Hom nie gebring nie?

⁴⁶ Die soldate het geantwoord: Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie [*geen gewone mens het nog ooit gepraat soos hy nie*].

⁴⁷ En die Fariseërs het hulle geantwoord: Is julle dan ook mislei [*van julle voete af geslaan*]?

⁴⁸ Het enige lid van die Joodse Raad in Hom geglo, of een van die Fariseërs? {Nee}

⁴⁹ Maar hierdie mense [*gespuis*] {glo dit wel} hulle ken nie die wet nie {*weet niks van die Torah af nie*}, hulle is onder 'n vloek.

⁵⁰ Nikodemus het toe vir hulle gesê (hy wat in die nag na Yahshua toe gekom het, wat een van hulle was),

⁵¹ Oordeel ons wet die mens sonder

hears him and knows what he does?

⁵² They answered and said unto him, Art thou also of Galilee? Search and see, for a prophet has never arisen out of Galilee.

The Woman Caught in Adultery

⁵³ And each one went unto his own house.

8 Jesus went unto the mount of Olives.

² And early in the morning he came again into the temple, and all the people came unto him; and he sat down and taught them.

³ Then the scribes and Pharisees brought unto him a woman taken in adultery, and when they had set her in the midst,

⁴ they said unto him, Master, this woman was taken in adultery in the very act.

⁵ Now Moses in the law commanded us that such should be stoned, but what sayest thou?

⁶ This they said, tempting him, that they might be able to accuse him. But Jesus stooped down and with his finger wrote on the ground.

⁷ So when they continued asking him, he lifted himself up and said unto them, He that is without sin among you, let him be the first to cast a stone at her.

⁸ And again he stooped down and wrote on the ground.

⁹ And those who heard it, being convicted by their own conscience, went out one by one, beginning at the eldest even unto the last; and Jesus was left alone and the woman that had been in the midst.

¹⁰ Jesus, lifting himself up and seeing no

om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?

⁵² Hulle het geantwoord en vir hom gesê: Is jy ook uit Galilea? Soek en sien vir jousef dat daar geen profeet uit Galilea opgestaan het nie.

Die Vrou Betrap in Owerspel

⁵³ En elkeen het huis toe gegaan.

8 Yahshua het na die Olyfberg toe gegaan.

² En vroeg in die oggend het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer.

³ En die skrywers (*skrifgeleerdes*) en die Fariseërs het 'n vrou na Hom toe gebring wat op owerspel betrap was en haar toe tussen hulle laat staan,

⁴ en hulle het vir hom gesê, Meester, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het.

⁵ Moses beveel ons in die wet om sulke vrouens te stenig, maar U, wat sê U? [Deut 22:22-24]

⁶ En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom mee te beskuldig. Maar Yahshua het gebuk en met Sy vinger op die grond geskrywe.

⁷ Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy opgestaan en vir hulle gesê, **Hy wat sonder sonde onder julle is, laat hom die eerste een wees wat 'n klip na toe haar gooi.**

⁸ En weer het Hy gebuk en op die grond geskrywe.

⁹ En die wat dit gehoor het, was deur hulle eie gewetes aangekla, en het een vir een uitgegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Yahshua het alleen agtergebly saam met die vrou wat daar tussen hulle gestaan het.

¹⁰ Yahshua het Homself opgelig en toe

one but the woman, said unto her, Woman, where are thine accusers? Has not one condemned thee?

¹¹ And she said, No one, Lord. Then Jesus said unto her, Neither do I condemn thee; go and sin no more.

I Am the Light of the World

¹² Then Jesus spoke again unto them, saying, I AM the light of the world; he that follows me shall not walk in darkness but shall have the light of life.

¹³ Then the Pharisees said unto him, Thou dost bear witness of thyself; thy witness is not true.

¹⁴ Jesus answered and said unto them, Though I bear witness of myself, my witness is true, for I know from where I came and where I go; but ye do not know where I came from and where I go.

¹⁵ Ye judge after the flesh, but I judge no one.

¹⁶ And yet if I judge, my judgment is true, for I am not alone, but I and the Father that sent me.

¹⁷ It is also written in your law that the testimony of two men is true.

¹⁸ I AM one that bears witness of myself, and the Father that sent me bears witness of me.

¹⁹ Then they said unto him, Where is thy Father? Jesus answered, Ye neither know me, nor my Father; if ye had known me, ye should have known my Father also.

²⁰ Jesus spoke these words in the treasury as he taught in the temple, and no one laid hands on him, for his hour

Hy niemand behalwe die vrou sien nie, het vir haar gesê, **Vrou, waar is jou beskuldigers? Het niemand jou veroordeel nie?**

¹¹ En sy het geantwoord: Niemand nie, YHWH. Toe het Yahshua vir haar gesê: **Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.**

Ek is die Lig van die Wêreld

¹² Toe het Yahshua weer met hulle gespreek en gesê: **Ek Is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in duisternis wandel nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.**

¹³ Toe het die Fariseërs vir Hom gesê: U getuig van Uself; U getuienis is nie waar nie.

¹⁴ Yahshua het geantwoord en vir hulle gesê: **Al getuig Ek ook van Myself, My getuienis is waar, omdat Ek weet van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan; maar julle weet nie van waar Ek kom en waarheen Ek gaan nie.**

¹⁵ **Julle [stel julleself op om te] oordeel volgens die vlees [wat julle sien – julle veroordeel deur eksterne, menslike standaarde] maar Ek [stel Myself nie op om te] oordeel [aankla of vonnis] niemand nie.**

¹⁶ **En tog as Ek oordeel, is my oordeel waar [My besluit is reg], want Ek is nie alleen [om die besluit te neem] nie, maar [daar is twee van ons] Ek en die Vader wat My gestuur het.**

¹⁷ **En dit is ook in julle [eie] wet {Torah} geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is. [Deut 19:15]**

¹⁸ **Ek Is die Een [een van die Twee] wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.**

¹⁹ Hulle het toe vir Hom gevra: Waar is U Vader? Yahshua het geantwoord: **Julle ken My nie en ook nie my Vader nie; as julle My geken het, sou julle ook my Vader geken het.**

²⁰ Yahshua het hierdie woorde by die skatkis (*offergawekis*) gespreek terwyl Hy in die tempel onderrig het en

was not yet come.

²¹ Then Jesus said again unto them, I am going away, and ye shall seek me, but ye shall die in your sins; where I go, ye shall not be able to come.

²² Then the Jews said, Will he kill himself? because he says, Where I go, ye shall not be able to come.

²³ And he said unto them, Ye are from below, I am from above; ye are of this world, I am not of this world.

²⁴ Therefore I said unto you that ye shall die in your sins, for if ye do not believe that I AM, ye shall die in your sins.

²⁵ And said they unto him, Who art thou? Then Jesus said unto them, He that I said unto you also from the beginning.

²⁶ I have many things to say and to judge regarding you, but he that sent me is true; and those things which I have heard of him, I speak in the world.

²⁷ But they did not understand that he spoke to them of the Father.

²⁸ Then Jesus said unto them, When ye have lifted up the Son of man, then ye shall know that I AM and that I do nothing of myself, but as my Father has taught me, I speak these things.

²⁹ And he that sent me is with me: the Father has not left me alone, for I always do those things that please him.

niemand het Hom gevange geneem nie, omdat Sy uur nog nie gekom het nie.

²¹ En Yahshua het weer vir hulle gesê: **Ek gaan weg, en julle sal My soek, maar julle sal in [onder die vloek van] julle sonde sterwe; waar Ek gaan, kan julle nie kom nie.**

²² Toe het die Jode gesê: Sal Hy dan Homself doodmaak? omdat Hy sê: **Waar Ek gaan, kan julle nie kom nie?**

²³ En Hy het vir hulle gesê: **Julle is van hier onder, Ek is van bo; julle is van hierdie wêreld, Ek is nie van hierdie wêreld nie.**

²⁴ **Daarom sê Ek vir julle dat julle in [onder die vloek van] julle sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie [Wie Ek eis om te wees – as julle nie op My staatmaak, My vertrou, op My staatmaak nie], sal julle in jul sondes sterwe.**

²⁵ En hulle het vir Hom gesê: Wie is U dan? En Yahshua het hulle geantwoord: **[Waarom praat ek nog met julle!] Ek is presies wat ek julle van die begin af vertel het.**

²⁶ **Ek het baie dinge om van julle te sê en te oordeel, maar Hy wat My gestuur het, is waar [betroubaar]; en Ek, wat Ek van Hom gehoor het, vertel Ek vir die wêreld.**

²⁷ Maar hulle het nie verstaan dat Hy met hulle van die Vader gepraat het nie.

²⁸ En Yahshua het vir hulle gesê: **Wanneer julle die Seun van die mens verhoog [op die kruis] het, dan sal julle weet [en verstaan] dat Ek Hy is [die Een wat julle na soek]; en dat Ek niks uit Myself [uit my eie beweging of op My eie outoriteit] doen nie, maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.**

²⁹ **En Hy wat My gestuur het, is met My: die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom behaag.**

³⁰ As he spoke these words, many believed in him.

The Truth Will Set You Free

³¹ Then Jesus said to those Jews who had believed him, If ye abide in my word, ye shall be my disciples indeed;

³² and ye shall know the truth, and the truth shall set you free.

³³ They answered him, We are Abraham's seed, and we have never served anyone; how sayest thou, Ye shall be set free?

